



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2013

MPUMALANGA

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	VRAAG 1	(30)
AFDELING B:	Opsomming	VRAAG 2	(10)
AFDELING C:	Taal	VRAAG 3–6	(60)
AFDELING D:	Letterkunde	VRAAG 7–8	(20)

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

NET ÉÉN SOOS JUFFROU QWELANE

1. Nontsikelelo Qwelane is op Kersdag 1920 naby Queenstown in die Oos-Kaap gebore. Dié vriendelike juffrou is 91 en Suid-Afrika se oudste voltijdse onderwyser. “Onderwys is in my bloed,” sê sy. “Dis my roeping.”
2. Sy is een van 10 kinders. Net een van hierdie 10 kinders het nie ’n onderwyser geword nie. Haar eie twee dogters, Nomakhwezi (61) en Nomode (63), het die familietradisie voortgesit. Hulle is ook onderwysers. Nontsikelelo en Nomakhwezi bly saam in Nontsikelelo se groot huis.
3. Nontsikelelo, of Ntsiki, soos al die kinders haar noem, hou al van 1940 af skool. Ntsiki gee al die afgelope 66 jaar Aardrykskunde. “Ek hou baie van Aardrykskunde. Ek ken die werk so goed dat ek nie ’n handboek nodig het om klas te gee nie.”
4. Sy glo ook nie daaraan om vir haar leerders huiswerk te gee nie. “Ek dink nie die huiswerk word by die huis gedoen nie. Die kinders skryf by mekaar af.” Haar plan om nie huiswerk te gee nie, werk baie goed omdat die leerders baie harder in die klas moet werk. Altesaam 98 persent van die 312 matrieks vir wie sy verlede jaar Aardrykskunde gegee het, het geslaag.

5. Sy het al vir baie kinders skoolgehou. Baie van haar ou leerders kry haar in winkels en bedank haar dan vir wat sy vir hulle beteken het.
6. “Ek sal eendag ophou skool hou wanneer ek nie meer op my twee bene kan staan nie. Ek sorg mooi vir myself. Ek doen alles wat my ma vir my geleer het om te doen.”
7. Nontsikelelo eet vrugte, groente en vleis, maar sit nie haar mond aan gemorskos nie. Genoeg slaap is ook vir haar baie belangrik. Saans om halfagt is sy al in die bed. Ntsiki staan klokslag halftwee in die oggend op om vraestelle of toetse na te sien. As sy haar nie besig hou met skoolwerk nie, lees sy graag.
8. Sy word hartseer as haar leerders nie raaksien hoe waardevol opvoeding is nie. “ ’n Opgevoede kind sal nooit honger ly nie. Opvoeding is ons land se oplossing vir armoede,” sê sy.
9. As daar een ding is waaroor sy spyt is, is dit dat sy nie haar doktorsgraad in die Opvoedkunde behaal het nie. Verder is sy tevrede met hoe haar lewe verloop het.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

- 1.1 Op watter dag is Nontsikelelo gebore? (1)
- 1.2 In watter provinsie is sy gebore? (1)
- 1.3 Voltooi die sin.

Kies die KORREKTE antwoord uit die raampie hieronder om die sin te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

tydelike; deelydse; permanente

- Nontsikelelo het ’n ... onderwyspos. (1)
- 1.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Wat beteken die woorde: Onderwys is in Nontsikelelo se bloed?
- A Om onderwys te gee, maak Nontsikelelo kwaad.
B Dit is vir Nontsikelelo onmoontlik om onderwys te gee.
C Onderwys is Nontsikelelo se lewe.
D Nontsikelelo voel sy is nou te oud om onderwys te gee. (1)
- 1.5 Skryf die name van Nontsikelelo se dogters neer. (2)

- 1.6 Nontsikelelo se twee dogters is nie onderwyseresse nie.
- 1.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur VIER agtereenvolgende woorde aan te haal. (1)
- 1.7 Watter vak bied Nontsikelelo al vir 66 jaar aan? (1)
- 1.8 Nontsikelelo glo dat leerders huiswerk moet kry.
- 1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.8.1. (1)
- 1.9 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Waarom bedank Nontsikelelo se oudleerders haar, wanneer hulle haar in die winkels kry?
- A Omdat sy baie vir hulle beteken het
B Omdat sy hulle geleer het al was sy oud
C Omdat sy nie 'n handboek in die klas gebruik het nie
D Omdat sy al vir baie kinders skoolgehou het (1)
- 1.10 Wie se goeie raad help Nontsikelelo in haar lewe? (1)
- 1.11 Wat eet Nontsikelelo glad nie? (1)
- 1.12 Hoe laat gaan Nontsikelelo in die aand slaap? (1)
- 1.13 Wat anders doen Nontsikelelo graag, behalwe skoolhou? (1)
- 1.14 Wat is die een ding waaroor Nontsikelelo in haar lewe spyt is? (1)
- 1.15 Volgens die leesstuk slaag baie van Nontsikelelo se matrieks haar vak. Motiveer hierdie stelling. (1)
- 1.16 Sou jy vir jou leerders huiswerk gegee het, as jy 'n onderwyser was? Motiveer. (1)
- 1.17 Dink jy onderwysers moet skoolhou tot hulle 91 jaar oud is? Motiveer. (1)

TEKS B: INFORMATIEWE TEKS

Lees die kort advertensies hieronder en beantwoord die vrae.

<p>CENTURION TEATER</p> <hr/> <p>Jennifer Zamudio <i>Die lewe is 'n liedjie</i> 2 Mei 2013 om 20:00</p> <hr/> <p>André Swiegers en orkes 3 Mei 2013 om 19:00</p> <hr/> <p>Marion Holm holm@iafrica.com 4 Mei 2013 om 20:00</p> <hr/> <p>Ses Snare 2013 11 Mei 2013 om 19:30</p> <hr/> <p>BESPREEK:</p> <p>012 664 7859 OF SMS na 04700</p>	<p>UNICA MARK</p> <hr/> <p>Vrydag, 28 Mei tot Sondag, 6 Junie 2013 09:00–21:00 Oop Sondag 09:00–16:00</p> <p>Rembrandt-saal <i>LC de Villiers-sportsentrum,</i> Universiteit van Pretoria, Suidstraat, HATFIELD</p> <p>Meer as 200 uitstallers! Koop puik geskenke en ondersteun die projekte vir persone met outisme.</p> <p>Navrae:</p> <p>012 346 1103 OF 082 905 6531</p>	<p>BANFF Berg Filmfees Wêreldtoer 2013</p> <hr/> <p>28 Mei–3 Junie 2013</p> <hr/> <p>Een vertoning daagliks om 20:15 STERKINEKOR TEATERS Brooklyn Mall & Sandton City</p> <hr/> <p><i>Met trots geborg deur</i> CAPE UNION MART EXPLORE K-WAY LED LENSER deuter Buff</p> <hr/> <p>Bespreek: www.sterkinekor.com of bel Ticketline 082 167 8989 www.banff.co.za</p>
--	---	--

[Verwerk uit: *Beeld*, 28 Oktober 2011]

- 1.19 Skryf die naam van Jennifer Zamudio se vertoning neer. (1)
- 1.20 Watter nommer kan jy sms om vir 'n vertoning by die Centurion Teater te bespreek? (1)
- 1.21 In watter saal van die LC de Villiers-sportsentrum word die Unica Mark gehou? (1)

- 1.22 Daar is net minder as 300 uitstallers by die Unica Mark.
- 1.22.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.22.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.22.1. (1)
- 1.23 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die Unica Mark word gehou om ... persone te ondersteun.
- A blinde
B dowe
C outistiese
D stom (1)
- 1.24 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- As jy meer wil uitvind oor die Unica Mark, kan jy ...
- A 'n landlyn of 'n selfoon gebruik.
B 'n selfoon of die Internet gebruik.
C 'n landlyn of die Internet gebruik.
D 'n selfoon gebruik of 'n sms stuur. (1)
- 1.25 Watter woord sê vir ons dat die BANFF Berg Filmfees nie net in Suid-Afrika plaasvind nie? (1)
- 1.26 Hoe laat vind die BANFF Berg Filmfees se daaglikse vertoning plaas? (1)
- 1.27 Hoekom, dink jy, kyk baie meer mense televisie as wat hulle 'n teater besoek? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**TEKS C****VRAAG 2: WENKE OM JOU VOETE GESOND TE HOU**

- Som die **wenke** oor hoe om jou voete gesond te hou in SEWE stappe op.
- Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

1.

Was jou voete in die aande mooi skoon. Vuiligheid op jou vel kan infeksie veroorsaak. Jy sal nie lekker met vuil voete slaap nie.

2.

Jy moet jou voete deeglik afdroog nadat jy hulle klaar gewas het. Gebruik 'n droë handdoek. As jy nie jou voete goed afdroog nie, kan jou voete sleg ruik.

3.

Harde vel en eelte laat jou voete lelik lyk. Raak daarom van al die harde vel en eelte ontslae. 'n Skuurklip help om die harde vel af te skuur.

4.

Jy moet jou toonnaels altyd reguit afsny. As jy jou toonnaels skuins afsny, kan dit maklik ingroei. Toonnaels word makliker geknip nadat jy gebad het, want dan is dit sag.

5.

Dit is sleg vir jou voete om die verkeerde skoene te dra. Sorg dat jy skoene dra wat nie jou tone seermaak nie. Party skoene kan jou voete seer druk.

6.

Openbare plekke soos gimnasiums en swembaddens se vloere is vuil. Moenie kaalvoet in hierdie plekke loop nie. Dit sal keer dat jy voetskimmel en vratte kry.

7.

As skoene te klein is, sal dit jou voete druk en so kan jy eelte kry. Moenie sulke skoene dra nie. 'n Mens koop skoene in die middag, want jou voete swel deur die dag.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 20 Januarie 2012]**TOTAAL AFDELING B: 10**

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE****TEKS D**

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: *Beeld*, 19 Oktober 2011]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

- 3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.
Die ou tannie hang met haar kort (arm) aan die paal. (1)
- 3.2 Gee die VROULIKE VORM van die woord tussen hakies.
Die (oupa) sê hulle is nie in 'n vliegtuig nie. (1)
- 3.3 Gee die korrekte VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Die taxi ry (stadig) as die vliegtuig. (1)
- 3.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
As jy in hierdie taxi ry, is jy in (lewe + gevaar). (1)
- 3.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.
Die oupa het (sy/hom/haar) oë toegeknyp. (1)
- 3.6 Gee die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.
Die taxi ry op 'n (gevaarlik) pad. (1)

- 3.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
(In die nag) is vliegtuigkaartjies goedkoper. (1)
- 3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.
Die oupa sit agter (op/in/met) die taxi. (1)
- 3.9 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.
Dit is die (vier) keer dat die bestuurder so gevaarlik ry. (1)
- 3.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Die taxi se twee (band) is glad. (1)
- 3.11 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.
Die taxi vervoer elke dag die (gr./grd./gra.) 12-leerders na die skool. (1)
- 3.12 Gee die korrekte OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Mama Taxi is die (goed) bestuurder in die dorp. (1)
- 3.13 Gee 'n SINONIEM (*woord met dieselfde betekenis*) vir die woord tussen hakies.
Die taxi het (byna) die vrou by die verkeerslig raakgery. (1)
- 3.14 Gee 'n ANTONIEM (*woord met die teenoorgestelde betekenis*) vir die woord tussen hakies.
Die passasiers was nie bang aan die (einde) van die reis nie. (1)
- 3.15 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.
(Genugtig/Foeitog), maar jy is 'n roekelose bestuurder! (1)
- 3.16 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.
Die bestuurder was (moeg) terwyl sy die taxi bestuur het. (1)
- 3.17 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.
Die bestuurder van die taxi hou (’n/die) stuurwiel styf vas. (1)
- 3.18 Kies die korrekte spelling van die WOORD tussen hakies.
Die bestuurder kyk nie eers of daar ander (karre/kare) aankom nie. (1)

3.19 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die bestuurder het (herken/erken) dat sy te vinnig gery het. (1)

3.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die (man wat langs die taxibestuurder bly) kla baie oor die taxi wat so vinnig ry. (1)
[20]

VRAAG 4: SINSTRUKTURE

TEKS E

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae. **Skryf elke keer die hele sin uit.**



[Uit: Oxford Life Orientation]

4.1 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Die leerlinge het gesukkel om die vraestel te beantwoord.

Begin só: Die leerlinge ... (1)

4.2 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Die vraestel is moeilik. Die leerlinge het nie geleer nie. (want) (1)

- 4.3 Voltooi die sin deur die korrekte INFINITIEF in te vul.
Die leerlinge weet nie hoe ... die Wiskunde ... doen nie. (1)
- 4.4 Kies die KORREKTE VRAAGWOORD uit die raampie en vul dit in sodat die onderstreepte deel van die sin, die antwoord is.

Waarmee; Waar; Waarvoor

Die leerders skryf eksamen in die skoolsaal.
... skryf die leerders eksamen? (1)
- 4.5 Voltooi die INFINITIEF.
Die leerders behoort hard ... studeer. (1)
- 4.6 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Pieter sê: “Die vraestel is baie maklik.”
Begin só: Pieter sê ... (1)
- 4.7 Watter woord sal jy in die plek van die volgende vetgedrukte idioom gebruik?
Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
Die leerlinge **was die duiwel in** omdat hulle nie van die toets geweet het nie.
A gelukkig
B bang
C teleurgesteld
D kwaad (1)
- 4.8 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.
Die leerders skryf (’n moeilike vraestel) (in die eksamenlokaal) (vandag).
Begin só: Die leerders skryf ... (1)
- 4.9 Skryf die sin oor en gebruik die regte woordorde.
Die horlosie tik baie hard terwyl die leerders eksamen skryf.
Begin só: Terwyl die leerders eksamen skryf, ... (1)
- 4.10 Watter spreekwoord pas die beste by die prentjie op bladsy 11?
Skryf net die vraagnommer en KORREKTE letter neer.
Gedurende die moeilike eksamen is al die leerlinge lus om weg te hardloop.
A kaatjie van die baan te wees
B iemand se siel uit te trek
C die hasepad te kies
D twee rye spore te loop (1)

- 4.11 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.
Die seuns het nie geslaag nie. Hulle het nie hard geleer nie (omdat) (1)
- 4.12 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die leerders is moeg.
Begin só: Die leerders ... (1)
- 4.13 Vul die ontbrekende woorde in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.
Die kinders het die vrae beantwoord.
Begin só: Die vrae ... deur die kinders beantwoord. (1)
- 4.14 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.
Is die eksamenlokaal se vensters oop?
Begin só: Nee, die eksamenlokaal se vensters ... (2)
- 4.15 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die dogter se liniaal lê op die tafel.
Begin só: Die dogter ... (2)
- 4.16 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Die onderwyser hou toesig.
Begin só: Die onderwyser ... (2)
- 4.17 Vul die ontbrekende woorde in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.
Die onderwyser dui die tyd op die bord aan.
Begin só: Die tyd ... deur die onderwyser ... (2)
- 4.18 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Die leerder het die antwoord êrens in die skryfstuk gevind.
Begin só: Die leerder ... (2)
- 4.19 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Juffrou vra: "Het Sandra betyds klaar geskryf?"
Begin só: Juffrou vra ... (2)

[25]

VRAAG 5: REDIGERING**TEKS F**

Jou vriend het 'n artikel vir die plaaslike koerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

Stapper sterf op berg

- 1 Die polisie het die liggaam van 'n stapper op tafelberg gekry. Dit het gebeur
2 toe hulle na 'n groep stappers gaan soek het wat in die mooilikheid beland
3 het.
4 Kaptein André Truter van die SAPS sê dat die manne die liggaam
5 vroegoggend gevind het. Hulle het verder soek en 'n halfuur later is die ander
6 twee stappers gefind.
7 Die polisie het gehelp die twee stappers om in die koue en mistige weer by
8 die berg aftekom.
9 Albei hierdie stappers was amper dood van die koue. Hulle is in 'n ernstige
10 toestand op die hospitaal opgeneem.
11 Daar was twaalf mense in die groep wie gaan stap het. Nege van die groep
12 stappers het op hul eie onder gekom. Die drie stappers wat agter gestap het
13 het die groep in digte mis verloor en verdwaal.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 15 Oktober 2010]

- 5.1 Skryf die woord in reël 1 wat met 'n **hoofletter** moet begin, korrek neer. (1)
- 5.2 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 2. (1)
- 5.3 Gee die korrekte Afrikaanse **afkorting** van "Suid-Afrikaanse Polisediens" in reël 4. (1)
- 5.4 Gee die **regte vorm** van die onderstreepte woord in reël 5. (1)
- 5.5 Gee die **korrekte spelling** van die onderstreepte woord in reël 6. (1)
- 5.6 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 7 oor en verbeter die **woordorde**. (1)
- 5.7 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 8. (1)

- 5.8 Gee die **korrekte woord** vir die onderstreepte woord in reël 10. (1)
- 5.9 Verbeter die onderstreepte **betreklige voornaamwoordfout** in reël 11. (1)
- 5.10 Skryf die onderstreepte sin in reël 12 en 13 oor en vul die **leesteken** in wat uitgelaat is. (1)
[10]

VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

TEKS G

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

- Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.

6.1



[Uit: Google Images]

Marie is **verbaas** omdat haar vriendin se man die skottelgoed was.
Kies die sin wat aandui hoe **verbaas** Marie is omdat hy die skottelgoed was.

- A “Dis mooi om ’n man te sien skottelgoed was.”
- B “My man sal nooit in die huis werk nie.”
- C “Kan dit waar wees dat ’n man skottelgoed was?”
- D “Kan ons nie eerder die skottelgoed was nie?” (1)

6.2



[Uit: Google Images]

Siphon en Karel het mekaar baie lank laas raakgeloop. Die twee vriende is baie **bly** om mekaar te sien.

Kies die sin wat Siphon sal gebruik om sy **blydschap** te wys.

- A "Wat doen jy deesdae, Karel?"
- B "Ai Karel, dis lekker om jou weer te sien!"
- C "Hallo, jy lyk altyd goed."
- D "Goeie dag, ken ek jou?"

(1)

6.3



[Uit: Google Images]

Die meisie in die middel van die prent hou nie van die nuwe meisie in die skool nie.

Kies die sin wat aandui hoe die meisie haar vriendin **manipuleer** om nie met die nuwe meisie te praat nie.

- A "Aai tog! Dis moeilik om in 'n nuwe skool aan te pas."
- B "Genugtig! Maar sy trek snaakse klere aan."
- C "Haar hare pas mooi by haar klere."
- D "Jy moenie met haar praat nie, sy pas nie by ons nie!"

(1)

6.4




[Uit: Google Images]

Die seun het die venster gebreek en die huiseienaar wil sy ma bel.
Kies die sin wat die seun kan gebruik om die man te **soebat** om nie sy ma te bel nie.

- A "Moet net nie my ma bel nie, asseblief Oom."
- B "Los my arm, ek wil na my ma toe gaan."
- C "Eina! Jy maak my seer, ek gaan my ma vertel."
- D "Dit was nie ek nie, en ek sal nie die venster betaal nie."

(1)

6.5



[Uit: Google Images]

Die man is **kwaad** vir die ander motorbestuurder wat voor hom ingery het en hy gebruik lelike taal.

Kies die sin wat aandui hoe **kwaad** die man vir die ander motorbestuurder is.

- A "Aitsa, maar jy ry vinnig voor my in!"
- B "Jou dom esel! Kyk waar jy ry!"
- C "Sjoe, hy het my seker nie gesien nie!"
- D "Siestog. Amper was daar 'n ongeluk."

(1)

[5]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE**BLADSAK – Lucas Malan**

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

VRAAG 7: STOKVEL OP 'N PLAAS – Justice L Makete

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Die oop en vriendelike lapa herinner ons aan die lapahuis van Malelane, Skukuza en Lapalala.
Die kinders skarrel soos hoenders toe MaDlamini die mapai's van hulle af wegtrek.
"Vukani Bantwana!" skree sy luidkeels. Elkeen moet 'n handjie iewers bysit.
Ja, dis die stokvel soos dit oor die algemeen bekend staan.

7.1 By wie is die stokvel gehou? (1)

7.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Oupa Skhukhununu het ...

- A baie van die plaaswerk gedoen.
- B baie met die stokvel gehelp.
- C baie van die diere geweet.
- D baie mense met kruiegedisynie gehelp. (1)

7.3 Wie was die kwaai, maar verstandige voorman van die plaas Lekkerbek? (1)

7.4 Watter gebou is in die week spesiaal vir die stokvel oorgedoen? (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die plaasmense van die plaas Lekkerbek, het ...

- A die vorige aand al begin werk.
- B tienuur begin werk.
- C baie vroeg die oggend begin werk.
- D deur die nag gewerk. (1)

- 7.6 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.6.1–7.6.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.6.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
7.6.1 Lwandi	A het die pampoens geskil.
7.6.2 Die dogters	B was besig met die slagding.
7.6.3 Kholeka	C het van Stilfontein af gekom.
7.6.4 Baba Dlamini	D het gesê dat die koekies sag moes wees.
	E het gesê dat hulle nie die pypkaneel moes vergeet nie.

(4 x 1) (4)

- 7.7 Dit was **MaDlamini** wat van haar sorghumbier in 'n drinkkalbassie geskep het.

7.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

7.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.7.1. (1)

- 7.8 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) en die woord neer.

donkiekarryers; stokvelgangers; perderuiters; fietsryers; taxipassasiers; voetgangers
--

Die (7.8.1) ... het teen tienuur se kant begin intrippel. Hulle kom van heinde en verre. Al wat van die (7.8.2) ... te sien was, was warrelende stof. Palmietfontein se volkies was (7.8.3) ... Die getal (7.8.4) ... het steeds toegeneem. "The more the merrier", en niemand wou die affêre mis nie. (4)

7.9 Hoe het die vet sis Vera se man gelyk? (1)

7.10 Waarom wou niemand die stokvel mis nie? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Die ledegeld is twintig rand en die tesourier Thabiso moet die verslag agtermekaar hou, anders verdien hy 'n pak slae dubbel en dwars en word daarby geskors. Die versamelde geld word aan Baba Ndlovu oorhandig. Dit is 'n belangrike bron om die hele gesin vir die res van die maand aan die gang te hou. As dit uitgeput is, sit almal in 'n penarie. Dit is te danke aan die stokvel dat daar tans tientalle kinders is wat hul skoolloopbaan suksesvol voltooi het.

7.11 Hoe weet jy Mandevu se vrou het gedoen wat hy haar gevra het? (1)

- 7.12 Hoekom kan ons sê dat Malaita uiteindelik sy moses teëgekom het in die verhaal? (1)
- 7.13 “Maar die geesdriftige gees en die hoofdoel van die stokvel leef nog voort ...”
Wat dink jy is die hoofdoel van ’n stokvel? (1)

[20]**OF****BLADSAK – Lucas Malan****VRAAG 8: DIE HEN EN DIE NAALD – Minnie Postma**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Elke dag, elke dag, elke dag het Valk na die grond toe afgekom om te luister na die lekker geselskap van sy vriendin. Ao, daardie vrou kon lekker praat! Sy kon so lekker lag, ao! Dis kêkêkêkê, kêkêkêkê solank sy gesels. Jo, Valk was baie lief vir daardie vrou! Maar hy was die enigste voël wat ’n naald besit het en eendag vra die hen vir hom: “Vriend van my, leen asseblief jou naald vir my.”

- 8.1 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
Wie het hierdie verhaal vertel?
- A Valk
B Oumense
C Hen
D Jongmense (1)
- 8.2 Hoekom het Valk eers vir Hen gevra wat sy met die naald wou maak? (1)
- 8.3 Hen het mooi **lappies** gebêre om ’n karos te maak.
- 8.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 8.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.3.1 met ’n feit uit die kortverhaal. (1)
- 8.4 Waarom het Valk die naald vir Hen geleen? (1)
- 8.5 Wanneer sou Hen vir Valk sy naald teruggee het? (1)
- 8.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
Hoe goed sou Hen Valk se naald oppas?
- A Soos haar karos
B Soos haar velkometers
C Soos haar kind
D Soos haar lehlosi (1)

- 8.7 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.7.1–8.7.4) en die woord neer.

hempie; kop; skouers; heupe; lyfie; beentjies
--

Toe die karos klaar was, het sy dit om haar (8.7.1) ... gehang. Sy het buitentoe gestap en haar (8.7.2) ... uitgeskiet. Sy het haar (8.7.3) ... geswaai en het soos die vrou van 'n kaptein geloop. Haar (8.7.4) ... was so vol van die mooi praatjies, dat sy glad nie oor Valk se naald gedink het nie.

(4)

- 8.8 Watter vrouens dra gewoonlik 'n lehlosi?

(1)

- 8.9 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.9.1–8.9.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.9.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
8.9.1 Die hoenders op die lande	A moes die huis aan die kant gemaak het.
8.9.2 Hen	B wou die naald veilig gaan bêre het.
8.9.3 Hen se kinders	C het vertel hoe mooi sy met die karos gelyk het.
8.9.4 Valk	D het nie aan die woorde van die ou mense gedink nie.
	E het gesê dat jy kon dink dat haar man 'n kaptein was.

(4 x 1)

(4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Sy roep haar kinders om te help soek, want hul ogies is nog jonk. Sy wys vir hulle die swart skaduwee wat so sonder geluid oor die ashoop skuiwe-skuiwe, en sy vertel hulle dat Valk een van hulle moet kry as sy nie die naald kan teruggee nie. Sy krap oop ... hulle kyk deur. Maar hulle kry dit nie. Valk sien hoe loer hulle en hy weet hulle soek sy naald.

- 8.10 Toe Hen in haar huis kom, trap sy op 'n skoon vloer. Waar het Hen na die naald gaan soek toe dit nie op die vloer was nie?

(1)

- 8.11 Henne roep vandag nog hul kuikens as hulle 'n valk sien. Waarom dink jy is dit nodig?

(1)

- 8.12 Sou jy sê Hen se kinders was vir haar belangriker as die karos? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(1)

- 8.13 Watter les leer ons uit Hen en Valk se ooreenkoms?

(1)

[20]**TOTAAL AFDELING D:****20****GROOTTOTAAL:****120**